



Melkproduksie is belangrik om die klein lammetjie en kalfie 'n uitstekende begin te gee met genoegsame gehaltekolostrum en -melk om sodoende so vroeg moontlik te kan speen en die produksieproses te versnel.

Ekonomie van aanvullende voeding

deur Urbanus Badenhorst

Met strategiese aanvulling van voedingstowwe deur lekke, kruipvoer en lammerooiprodukte kan die veeboer vandag, ondanks seisoensveranderinge, wisselende reënval en droogtes, beheer oor produksie en reproduksie uitoefen.

Dit bepaal tot 'n groot mate die finansiële sukses of mislukking van 'n veevertakking.

Die doel van aanvullings is om tekorte van weiding aan te vul wat gepaardgaan met seisoenale veranderinge. Daarbenewens help aanvullings om sekere produksiedoelwitte te bereik.

Lekaanvulling om tekorte van veld aan te vul

Beginsels

Die doel van lekaanvulling is om die beperkende voedingstowwe (proteïene, energie, minerale en vitamene) van die veld aan te vul, daarom sal

die seisoen (voedingswaarde van die veld in 'n gegewe stadium) die samestelling van die lek bepaal.

Voedingstekorte gedurende die winter ontstaan weens die volgende redes:

- Die konsentrasie voedingstowwe in die weiding neem af of toe gedurende sekere seisoene. So het wintergrasveld 'n baie laer proteïenwaarde as in die groen somermaande, terwyl die veselinhoud van die gras baie toeneem in die herfs en wintermaande.

Tabel 1: Invloed van beskikbare energie in voeding op die vrywillige inname van die voeding. (Oorspronklik dr Martin Neitz, later verwerk)

| Energieinhoud ME (MJ/kg) | Daaglikse vrywillige DMI as % van LM bv 500 kg-koei |
|---------------------------|---|
| 9,7 | 3% (15 kg) |
| 9,4 | 2,76% (13,8 kg) |
| 9 | 2,5% (12,5 kg) |
| 8,6 | 2,25% (11,25 kg) |
| 8,2 (goeie groen veld) | 2% (10 kg) |
| 7,9 | 1,75% (8,75 kg) |
| 7,5 (redelike winterveld) | 1,5% (7,5 kg) |
| 7,1 | 1,25% (6,25 kg) |
| 6,7 (swak winterveld) | 1% (5 kg) |

- Die verhoogde veselinhoud en verlaagde verteerbaarheid (TVV), is 'n tweede rede waarom lekaanvulling noodsaaklik is. Die vrywillige droëmateriaalinname (DMI) van die dier neem af namate die energiewaarde van die veld verswak (sien Tabel 1). Dit beteken dat die dier in die winter nie net verlaagde konsentrasie voedingstowwe op die veld inneem nie, maar ook minder as normaal van hierdie verlaagde konsentrasie veld vreet.
- Verhoogde veselinhoud bring verder mee dat spoed van deurgang deur die spysverteringskanaal vertraag word met gepaardgaande vertraagde absorpsie van voedingstowwe en dus druk op produksiepotensiaal.

Ekonomie van aanvullings

Die winsdrywers binne veever-

takkings waaroor die boer 'n mate van beheer kan uitoefen, bly die hoeveelheid lammers of kalwers, speen- of slaggewig en hoeveelheid en gehalte van die skeersel (in wolbedryf). Voeding speel hier 'n belangrike rol. Sou ons ekonomiese beginsels met wetenskaplik logiese voedingsbeginsels kombineer, is die volgende belangrik.

Doeltreffendheid of optimale voedingsinsette is afhanklik van:

Insetkoste vs uitsetpryse

Die verhouding tussen insetprys van lekke, afkomstig van roumateriaalpryse, en die uitsetprys van wol, vleis, speenkalwers en stoorkalwers bepaal die optimale vlak van byvoeding. Dit is die sone waar marge die hoogste gaan wees met gegewe insetkoste en uitsetinkomste.

In baie gevalle spandeer boere te min om aan diere se liggaams- onderhoudsbehoefes te voorsien en glad nie aan produksiebehoefes nie. Dit maak dat boere minder as 'n rand terugkry vir elke rand spandeer.

Aanbeveling

Bestuur en bereken dus voortdurend die maksimum margesone per vertakking. Die insetkoste en uitsetprys verander voortdurend en daarmee saam die optimale voedingsvlakke en peile.

Hoewel, indien die kritieke kondisiepunttelling onder 2,25 val, word die reproduksiesiklus bedreig wat ernstige gevolge inhoud vir die inkomstestaat en is die eerste verantwoordelikheid om energiestatus korrek te bestuur ongeag voerprysinsetkoste.



Operasionele doeltreffendheid

Dit is onder doeltreffende aanwending van hulpbronne, op soek na maksimum marges, waar die skrywer die Pareto-beginsel (80:20) toepas, naamlik:

Tony Manning beveel boerderye aan om te fokus. Voeding van diere is grootliks verantwoordelik vir ekonomiese sukses en mislukkings in veevertakkings. Voeding ontsluit genetiese potensiaal asook die maksimum margesone.

Aanbeveling

Fokus geld, tyd en hulpbronne om die voeding- en energiestatus van diere optimaal te hou.

As ons voeding as een van die belangrikste faktore identifiseer wat ekonomiese sukses bepaal, duik die volgende vrae op:

- Wanneer gaan voeding die grootste invloed op winsgewendheid hê?
- Wanneer gaan ek die meeste geld maak uit elke rand spandeer aan voeding?

Ter illustrasie, namate melkproduksie vinnig styg en piek, styg die vrywillige DMI van die dier baie stadiger en ondersteun dit nie die melkproduksiestyging nie. Vandaar die verbranding van liggaamskondisie of reserwes om die energiegaping te vul. Sou daar nie kondisie wees om te verbrand nie, sal reproduksie daaronder lei. Melkproduksie is belangrik om die lammetjie en kalfie 'n hupstoot te gee met gehalte en hoeveelheid kolostrum en melk om so vroeg moontlik te kan speen en die produksieproses te versnel.

Aanbeveling

Fokus geld vir voeding veral op die tydperk een maand voor kalf of lam en drie tot vier maande daarna. Dit is in hierdie periode waar geld gemaak of verloor word.

Word net koste bestuur?

Verskeie voorbeelde bestaan waar produsente in veevertakkings die goedkoper opsies kies wat die keuse van produkte betref. Dit is nie noodwendig



die mees optimale aanwending nie en marges moet bereken word. In baie gevalle waar koste deur verkeerde produkaankope bestuur word, is die koste heelwat laer, maar die marge op die duurder produk kan baie beter marges bo voerkoste realiseer.

Aanbeveling

Maak voerkosteberekeninge deur verwagte groei, reproduksie of melk om te skakel in inkomste en die voerkoste daarvan af te trek by verskillende produksiepeile. Vergelyk verder verskillende produkte deur rand/eenheidsvoedingswaarde-prysvergelykings te doen.

Doeltreffende toekenning van hulpbronne

Die basis van ekonomiese aanvullings word grootliks bepaal deur doeltreffende veldbestuur. Die doelwitte is noodwendig om konstante en volhoubare produksie van gehalte en hoeveelheid natuurlike hulpbronne te verseker deur die doeltreffende benutting daarvan met voldoende en doeltreffende rusperiodes wat tyd vir saadproduksie en saadvestiging insluit.

Ekonomiese aanvullings moet die tekorte van bogenoemde gehalte en hoeveelheid weiding aanvul. Nutriënte wat 'n baie belangrike rol speel, sluit in proteïene en veral rumendregradeerbare proteïene en verbyvloei-proteïene of natuurlike proteïene, energie, vitamienes (A en E) en veral

Aanvulling word gegee om tekorte van weiding aan te vul wat gepaardgaan met seisoenale veranderinge.



makrominerale soos fosfaat en magnesium asook spoorelemente soos sink, koper, mangaan, kobalt, selenium en jodium.

Hoewel proteïene en energie hoofsaaklik produksieprosesse dryf, speel spoorelemente en vitamienes 'n belangrike rol in metaboliese prosesse. Tekorte en wanbalanse tussen spoorelemente en vitamienes lei hoofsaaklik tot onderontwikkeling van manlike kenmerke, lae spermteeling, semenbeweeglikheid (en dus konsepsiesyfer), verlaagde vrugbaarheid ook deur ongereelde hitesiklusse, verhoogde abortsies, embrionale verliese, vassit nageboortes, beenabnormaliteite, swak groei, verlaagde immuniteit, dowwe haarkleed, bloedarmoede, swak inname van veld en vele meer.

Scenario's vir gelykbreek [tipiese aannames]

Bees:

Fosfaatlek: 215 dae @ 150 g/dag @ R2,56/kg = R82,56/koei/jaar

Winterlek: 150 dae @ 400 g/dag @ R3,20/kg = R192,00/koei/jaar

Totale lekkoste per koei per jaar behoort dus ongeveer R275 met gelykbreek van of die kalfpersentasie wat met 7% moet styg of addisionele speengewig van kalwers van ongeveer 17 kg per kalf of 'n kombinasie van bogenoemde.

Skaap:

Fosfaatlek: 245 dae @ 35 g/dag @ R2,56/kg = R21,95/ooi/jaar

Produksielek: 120 dae @ 250 g/dag @ R3,50/kg = R105/ooi/jaar

Totale lekkoste per ooi per jaar behoort dus ongeveer R127 met gelykbreek van of die lampersentasie wat met 16% moet styg of 2,8 kg addisionele slaggewig of 'n kombinasie van bogenoemde. Wolinkomste en gehalte van die skeersel kan ook bydra tot gelykbreek.

Let wel: Bogenoemde gelykbreekscenario's neem glad nie die finansiële selfmoord in ag indien geen minimale of verdunde aanvullings gegee word nie.

Slotopmerkings

Die kuns om enige sakevertakking ekonomies te bedryf, word tot 'n groot mate bepaal deur die ekonomiese aanwending van hulpbronne vir optimale produksie. In gewone taal: lekke moet optimaal aangewend word sodat produksiepotensiaal ontsluit kan word.

Die doel van lekke is verder grootliks om die tekorte van weiding aan te vul en ook die inname van weiding te bevorder en nie om weiding te verplaas nie. Sou ons weiding wou verplaas, moet daar definitiewe produksiedoelwitte as motivering dien, soos in stoetbedryf of lamhokstelsel of vir ander ekonomies regverdigde redes.

Hierdie optimale en ekonomiese gebruik, is verder slegs moontlik as diere in verskillende produksiegroepe verdeel is. Om dit te kan regkry, moet daar 'n definitiewe kalf/lamseisoen wees. Die rol van bestuur bly altyd belangrik!

Vir meer inligting skakel Urbanus Badenhorst (Pr.Sci.Nat. 400179/10) van Lubern Voere: 072 610 2223 of urbanus@nashuaisp.co.za of info@lubern.co.za